DIE KWIKKIE

DIE NUUSBRIEF VAN TWEE RIVIERE AFTREE-OORD

JUNIE IS WARM



HIERDIE UITGAWE

SPORT	2
NOMMERS	3
KENNISGEWINGS	4
VERJAARSDAE	9
DR. ARNOLD SMITH	11

SPORT EN ONTSPANNING HOEKIE

LEEF VOLUIT!





Die oefengroep B-Fit laat hulle nie sommer afsit.
Is die saal nie beskikbaar - dan is die parkeerarea daar.
En is hul leier Elbé nie hier, is sy op 'n video teen die muur.
Hulle oefen met "Devotion" want hulle glo "Motion is Lotion"

BELANGRIKE NOMMERS & TYE

EKSTERNE TELEFOONNOMMERS

Arrie Nel Apteek:	012 548 1721
Dis-Chem (Kolonnade):	012 523 9120/9
Dis-Chem (Zambezi Junction):	012 574 0489
DSTV MultiChoice:	012 422 2222
Fisioterapeut (Andrea):	082 556 8121
Frogfoot Support	021 448 7225
Haarsalon	068 381 3373
Kind2Hearing (Oudiologie):	012 110 4612
Kombuis (Cheryl):	012 941 5947
Montana Hospitaal:	012 523 3000
Ontvangs (Leonore & Estelle):	012 010 0924
Polisie (Sinoville):	012 543 8800
Sorgsentrum:	012 010 0943
TLC (The Local Choice):	012 030 0266
Matrone:	012 010 0933
Nadine (Medwell SA):	012 010 0934
Voetversorging (Sonica):	082 468 3775
Voetversorging (Precious):	071 998 8058
TV/DSTV (Kleintjie):	083 276 3683
Skoonmaakdienste/Wassery (Maree):	072 622 4130

INTERNE TELEFOONNOMMERS

- Ontvangs: (Estelle) 1001
- Ontvangs (Leonore): 1002
- Matrone: 1004
- Oordbestuurder: 1005
- Onderhoudsbestuurder (Johan): – Kontak via kantoor
- Haarsalon: 1006
- Sorgsentrum: 1009
- Sekuriteit Hek 1: 1010
- Sekuriteit Hek 2: 1011
- Kombuis: 1020

(SLEGS OP 3CX)

KANTOORURE

MAANDAG TOT VRYDAG
08:00 — 16:00
ETENSTYD
12:00 — 12:30

Gesluit op Saterdae & Sondae
Publieke Vakansiedae

NA-URE NOODNOMMERS

MEDIES
063 640 7223
ONDERHOUD
079 531 9827

Neem asb. kennis dat die noodfoon, 079 531 9827, slegs vir water- en elektrisiteitsprobleme na-ure geskakel moet word.
Moet asb. nie die noodnommer bedags skakel nie. Skakel Ontvangs, (012) 010 0924 gedurende kantoorure.

WELKOM

Baie welkom aan alle nuwe inwoners van Twee Riviere Aftree-Oord. Ons vertrou dat u reeds met u bure kennis gemaak het en tuis voel.

WELCOME

We would like to welcome all new residents at Twee Riviere Retirement Village. We trust that you have already become acquainted with your neighbours and feel at home.

INLIGTING & AKTIWITEITE

HYSBAKKE

Om onnodige onderbrekings met die diens van die hysbakke te voorkom, mag slegs EEN groot meubelstuk op 'n slag in die hysbak vervoer word.

OORDDOKTER

Die oorddokter besoek die Oord op Donderdae om 14:00

Maak asseblief 'n afspraak by Nadine—1007 (Di + Do)

Medwell SA
The Home Health Care Specialists

CLINIC HOURS

08:30 - 11:00

Dinsdag & Donderdag

BUSDIENS

Die Oordbussie vertrek om 08:30 en keer terug om 11:00

Maandae: Kolonnade Winkelsentrum

Woensdae: Zambezi Junction en

Vrydae: Kolonnade Winkelsentrum

Bespreek u plek by ontvangs vir hierdie gratis diens.

BELANGRIK | IMPORTANT

Stel asseblief ontvangs in kennis indien u vanuit die oord verhuis of na 'n ander eenheid verhuis.

~o~

Please notify reception when you are moving out of the village or moving to another unit.

BESIGE BYE

Elke 2de & 4de Dindag om 09:00 in die saal. Kom deel in lekker "Arts & Crafts"

WASSERY

Bespreek by Maree via WhatsApp of sms op 0726224130 as u wasgoed of strykwerk wil laat doen van Maandag tot Donderdag

BYBELSTUDIE

Hervormde Kerk, op Woensdae om 09:00 in die saal, APK Kerk, op Donderdae om 10:00 in die saal, NG Kerk, op Vrydae om 09:00 in die saal

JUKSKEI

Dinsdae & Donderdae 16:00 by die jukskeibane. Ons kan help met skeie. Kom ontspan saam. Kontak vir Danie #2196

RUMMIKUB

Woensdae in die saal om 14:00 tot 16:00

SORGSENTRUM INWONERS

As u beskikbaar en sterk genoeg is om elke Donderdag vir 'n uur 'n sorgsentrum inwoner vir 'n uitstappie te neem, kontak asseblief vir Nadine #1007

PRIVAAT TUINDIENSTE

Bespreek by Ontvangs vir privaat tuindienste teen **R70.00** per uur

WATERBEPERKINGS

Gelyke eenheidnommers vir tuinnatmaak is Maandae, Woensdae en Vrydae. Ongelyke eenheidnommers is Dinsdae, Donderdae & Saterdae

KOOROEFENING

Dinsdae 14:00 in die saal. Kom word deel van Twee Riviere se puik koor. Kontak vir Jannie X2061

BINGO

Donderdae 14:30 in die saal. Almal welkom om te deel in die pret. Kontak vir Pieter #2047

UIT DIE OORDBESTUURDER SE KANTOOR - Petré Theron



Dagsê aan ieder en elk. Weereens 'n voorreg om met elke inwoner in TRAO enkele gedagtes te ruil. Ons is nou in die eerste maand van winter, en mag ons saam met NP van Wyk Louw vra: "en weet dat alle rus die lewe dien: hoe kon ek dink dat somer ryker is as hierdie groei se stil geheimenis?" Kyk asseblief na elkeen se gesondheid, bly warm en veilig, die son sal wel weer eendag langer skyn.

Van my kant af hierdie maand is die heel belangrikste sekerlik die waterverbruik van die oord. Op hierdie stadium is alle aanduidings dat TRAO se waterverbruik aansienlik hoër is as 'n vergelykbare instelling van ons orde grootte. In hierdie verband het ons die samewerking bekom van 'n professionele kontrakteur wat ons in die toekoms hiermee gaan bystaan.

Ek wil egter op elkeen van u 'n baie dringende beroep doen om onnodige en onbeheerde waterverbruik te minimaliseer. Sekerlik is die grootste sondaar in die oord toilette wat stadig (nie SJORRR!! nie) lek en loop. 'n Toilet wat gedurig loop maak 'n wesenlike verskil elke maand aan die uiteindelike verbruik. Daarom 'n versoek om eerstens die toilet(e) se spoelwater te kontroleer vir deurlopende wateruitlaat. U kan die eenvoudige toets doen deur 'n enkele velletjie toiletpapier teen die spoelbak se rand te hou. Indien dit nat word is daar uiteraard 'n deurlopende wateruitlaat wat oor tyd 'n wesenlike waterverbruik kan beteken. Indien ons kan help, kom meld dit gerus aan by die kantoor, die projek is van so hoë prioriteit dat ons met graagte sal kom help. Tweedens kan u die outomatiese missproeiers in u tuin kontroleer vir effektiewe tydsbesteding. 'n Baie goeie tyd vir missproeiers is 'n skamele 8 minute vir effektiewe benatting. Kom ons help mekaar om hierdie koste item op ons uitgawestaat effektief aan te spreek deur omsigtige verbruik van water.

Junie is algemene jaarvergadering maand (AJV). Die 25ste Junie gaan die regspersoon (eienaars) koppe bymekaar sit om die oord se kern aspekte te bespreek en belangrike besluite te neem. Daarvoor word 'n verteenwoordigende aantal eienaars by die AJV benodig, wat as die kworum bekend staan. 'n Dringende beroep word op elke eienaar gedoen om die AJV by te woon en saam te besin oor die sake op die vasgestelde agenda. Indien u as eienaar uitdagings ondervind om by die venue/lokaal uit te kom waar die AJV gehou word, kom gesels gerus met ons hier in die kantoor. Daar is alreeds heelwat eienaars wat aangedui het dat hulle bereid is om bykomende passasiers saam te neem. Ons moet net van u weet.

Die hedendaagse wêreld is vol slenters en kansvatters, en aan inisiatief ontbreek oneerlike mense glad nie. Ek wil regtig 'n beroep op elkeen van u doen om baie, baie versigtig te wees aan wie u geld gee, of oorbetaal of reageer op versoeke om geld te gee. Hoewel ons almal as eerlik en opreg wil beskou, is daar die derduiwels wat hierdie opregtheid uitbuit en op oneerlike wyse geld uit mense swendel. Moet dus nie sommer elke hartseer verhaal, dringende behoefte en uiterse nood as opreg en eerlik beskou nie. Indien u onseker is, wag eers so 'n dag of twee, raadpleeg iemand anders, en moet nie die geld oorhandig waar u alleen met iemand moet ontmoet nie.

Vrede!

Petré Theron

Oordbestuurder

TRAO INWONERS

Neem asb. kennis dat geen versoeke direk aan TRAO se Onderhoudsbestuurder, Johan, sy personeel en/of aan enige personeel van D&S Maintenance Group (Tuindienste) gerig mag word nie. Geen gelde mag/moet aan enige personeel van die tuindienste gegee word nie. Alle versoeke moet by kantoor aangemeld word, waarna daaraan aandag geskenk sal word.

Vra elke inwoner se samewerking asb.

OORDBESTUURDER



STOEPSTORIES, TJOEPSKUITE EN PIENKKIES

In 1998 was ek die eienaar vir 6 maande van 'n Vis en Skyfies winkel in George en dit is waarvan daar die opskrif kom. **Mev Stoepstories** se weergawe en die werklike feite verskil soos dag en nag en die ego's van persone speel 'n groot rol daarin. Met **tjoepskuite** en **pienkkies** het ek daar te doen gekry en 'n waardevolle lewensles geleer. 'n **Tjoepskuit** is die naam vir 'n opblaasboot (Rubberduck) in die plaaslike volksmond van George en **pienkkies** is vis wat vars genoeg is om nog te eet, maar is al 'n dag of twee teruggevang en die oë het 'n pienk skynsel.

Dit bring my by die **haelskade** van die oord en die tydperk van herstel wat so deur die kenners op facebook bespreek is. Die **assessor** het sy werk op **28 Januarie 2026** afgehandel om die **37 eenhede** te evalueer. Op **11 Maart 2026** het die kontrakteur toestemming van die versekering gekry en die **bybetaling** is op 08 April 2026 ontvang deur die kontrakteur waarna werksaamhede begin het aan die beskadigde 37 eenhede. Besluit nou vir u self wat is die werklike **stoep-storie**. Ons as oord was voortdurend in kontak met alle partye oor die vordering en afhandeling van die werk. 'n Vergadering is reeds met die versekeraar, assessor en kontrakteur oor hierdie saak gehou.

Dit het onder die oord se aandag gekom dat ons **waterverbruik** baie hoog is. Vanaf 22 April 2026 moniteer 'n buite instansie die verbruik en het data te voorskyn gekom wat daarop dui dat daar 'n vermorsing plaasvind van ongeveer **63 kilo liter** per dag. So byvoorbeeld is die waterverbruik in die nag vanaf **00:00 to 04:00** meer as **4000 liter** per uur teenoor wat dit veronderstel is om te wees naamlik **1800 liter per uur.** Die beraamde koste is dus ongeveer **R2 600 per dag** of **R78 000 per maand** se verlies. Hierdie saak word tans gehanteer met 'n konsultant. Heelwaarskynlik is **lekkende waterpype** die oorsaak. Die trustees het reeds besluite geneem en optredes gemagtig wat hierdie **tjoepskuit** weer vaarbaar sal maak. Hierdie kon moontlik die 10 jaar instandhoudingsplan beïnvloed.

Die **pienkkies** is die heining by die natuurreservaat. As ons dit weer in werking wil stel moet **27** drade van **953** meter elk vervang word. Die totale lengte is dus **25,731 km**. Daar is verskillende menings in die oord hieroor. Ten einde die regte inligting te kry is **Advokaat Paul Fick** genader en hy het die regte wetlike inligting aan die trustees verskaf. Kwotasies is ook reeds ingewin ten opsigte van die saak. Die trustees het op die vergadering van **18 Mei 2026** die besluit geneem om voor te gaan met die aktivering van die heining. Verdere inligting en kennisgewing in die verband sal betyds aan die inwoners voorsien word.

Oor die **FAR** kan ons op die stadium geen verdere terugvoer verskaf nie. Die argitek wat daarmee werk is besig met die berekeninge van die oppervlaktes want, **sekere oppervlaktes** word **ingesluit** en ander is **uitgesluit** byvoorbeeld garage, hysbakke, trappe, wasgoedwerwe van woonstelle en vele meer. Ons vertrou dat met die AJV om meer inligting te kan verskaf.


Die **Algemene Jaarvergadering** is nog steeds op **25 Junie 2026** in die **Magalieskruin NG Kerk** gebou om **09:00**. In die **Mei uitgawe** van die Kwikkie is sekere aspekte uitgelig wat by ander oorde en komplekse waargeneem is. By die meeste van hierdie **8 waarnemings** word **wetlike** voorskrifte nie nagekom deur die trustees en/of regspersoon. Dit is dus in ons belang om hierdie aspekte na te kom en uit te voer. Dit is dus **krities belangrik** dat u die **AJV bywoon** om terugvoering te kry en rigting duidende besluite te neem asook om trustees te verkies. Indien ons **nie suksesvol** is om 9 Trustees te **verkies nie**, sal u moet besluit oor 'n **bestuursagent** wat **ekstra kostes impliseer.**

Kan ons poog om reeds op **25 Junie 2026** 'n **kworum** te wees sodat ons AJV kan plaasvind en die werksaamhede vlot kan voortgaan. Die kworum is in die omgewing van 150 eienaars.

Die winter is nou hier in volle swang. Bly warm, geniet u lewe ten volle. Bly veilig en wees goed vir mekaar.

PROPPIEPROJEK

Vra belangstellende/s om die Proppieprojek oor te neem.
Kontak ontvangs indien u belangstel asb.
Ondersteun asb. dié lofwaardige en broodnodige projek, elke proppie help. Ons maak staat op elke inwoner se ondersteuning.
Baie dankie aan Jan & Tersa Rowles vir hul volgehoue hulp met dié projek in die verlede.



WEBTUISTE:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIES OP WEBTUISTE
R200 Per Advertensie

Spasie is nou beskikbaar vir die advertering van dienste en items op ons webwerf! Pryse word tans bepaal en sal binnekort bekend gemaak word.

Moet ook nie stres oor die ontwerp nie! EP Digital SA (beter bekend as Kwikkie Tydskrifuitlegkunstenaars / Uitlegontwerpers en Sosiale Media Bestuurders) is beskikbaar om te help met professionele ontwerpe teen 'n verlaagde tarief – vir beide aanlyn én drukwerk. Hou ons dop vir meer besonderhede of kontak ons vandag om jou plek te bespreek!

www.tweeriviere.co.za

Skakel ons asseblief vir meer inligting

Tel: 012 010 0924

EPOS: admin1@trao.co.za | admin2@trao.co.za

AANDAG:

DIE KWIKKIE

ADVERTENSIE PRYSE

ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR INWONERS & OORDDIENSVERSKAFFERS

Kleiner as A6 - R 30
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 100
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 163
Volblad (A4 PORTRET) - R 350

ADVERTENSIES IN KWIKKIE VIR BUITE INSTANSIES

Kleiner as A6 - R 60
Kwartblad (A6 PORTRET) - R 200
Halfblad (A5 LANDSKAP) - R 325
Volblad (A4 PORTRET) - R 700

ADVERTENSIES OP DIE KENNISGEWINGSBORD

Volblad A4 advertensie - R 200

NUUT: ADVERTENSIES OP WEBTUISTE

R200 Per Advertensie

www.tweeriviere.co.za

Skakel ons asseblief vir meer inligting

Tel: 012 010 0924

EPOS: admin1@trao.co.za | admin2@trao.co.za

KWIKKIE-ADVERTENSIES:
BLADSYORIËNTERING EN GROOTTES



NEEM ASB. KENNIS VAN DIE VEREISTES HIERBO WAT BENODIG WORD VIR ADVERTENSIES

www.tweeriviere.co.za

Skakel ons asseblief vir meer inligting

Tel: 012 010 0924

Gelukkige Verjaarsdag

VERJAARSDAE
JUNIE 2026

#	Datum	Naam&Van
A125	01-Jun	Ian Steenkamp
B101	01-Jun	Hannetjie Botes
A141	02-Jun	Joan Momberg
A013	03-Jun	Jeanette Kemp
A090	04-Jun	June Uys
A314	04-Jun	Susan Van Der Heever
B108	05-Jun	Karina Aspeling
A017	07-Jun	Mercia Schwartz
B317	07-Jun	Bettie Uys
A294	08-Jun	Emma Langenegger
C207	10-Jun	Alta Steenkamp
A134	11-Jun	Jack Jansen Van Rensburg
B326	11-Jun	Elbert Broere
B106	12-Jun	Hester Riekert
A227	13-Jun	Ann Swanepoel
B008	15-Jun	Sarie Jordaan
C106	15-Jun	Casper De Wet
A238	16-Jun	Louisa De Waal
A121	18-Jun	Bets Piek
A178	18-Jun	Johan Struwig

#	Datum	Naam&Van
B108	18-Jun	Francois Bekker
A205	18-Jun	Francois Visser
A231	19-Jun	Ina Coetzer
A126	20-Jun	Sandra Yssel
A244	21-Jun	Marinda Jansen Van Rensburg
B201	22-Jun	Alta Botha
A034	23-Jun	Jan De Wachter
B007	23-Jun	Janie Naude
A239	24-Jun	Peet Van Rensburg
A162	26-Jun	Haig Mitchell
A262	26-Jun	Martie Jacoby
B025	26-Jun	Eghard Nel
A049	27-Jun	Estelle Mace
B002	28-Jun	Nols Van Zyl
B121	28-Jun	Lappies Labuschagne
C209	28-Jun	Kleintjie Prinsloo
A207	28-Jun	Saartjie Fick
A068	29-Jun	Kobie Maré
A089	29-Jun	Liza Neethling
A193	30-Jun	Bettie Eichstädt



"AS U VERJAARSDAG UITGELAAT EN/OF FOUTIEF IS, KONTAK DIE KANTOOR VIR REGSTELLING ASB."




RUS IN VREDE

OORLEDENES

LYNETTE SHARE - B027

30/04/2026



AFSTERWE:

Kobus Labuschagne

Elektrisien van KLB International

Met hartseer neem ons kennis van die afsterwe van Kobus van KLB International. Kobus het oor baie jare waardevolle werk by Twee Riviere Aftreeoord verrig en was 'n bekende gesig vir baie van ons inwoners. Sy vriendelikheid, kundigheid en diensbaarheid sal onthou word, en hy sal deur almal wat hom geken het, gemis word.

Ons innige meegevoel aan sy familie, vriende en kollegas.

Maak Junie 'n warm maand!

- Dr. Arnold Smith



Junie het nou maar die gewoonte om vroeg donker te word, koud aan jou tone te byt en mense effens stadiger te laat beweeg. 'n Mens sien dit oral: hande wat dieper in sakke verdwyn, skouers wat optrek teen die wind, en ketels wat oortyd werk. Dit is asof die winter vir ons wil sê: "Rustig nou, vat 'n bietjie asem."

Maar dalk is dit juis in sulke maande dat warmte die meeste beteken.

Nie net die warmte van sop, koffie of 'n elektriese kombers nie — hoewel ons beslis nie daarvoor nee sê nie! Daar is ook ander warmte wat 'n plek mooi maak: 'n vriendelike groet, 'n oproep, 'n koppie tee saam met iemand wat alleen voel, of sommer net 'n sagte woord op die regte tyd. Mense wat nader aan mekaar sit in die grys bus op pad winkel toe en dalk langer wil verwyl om onderdak die stap te kan stap wat hulle gewoonlik in die strate in die oord doen.

'n Mens besef weer in die winter hoe kosbaar klein dinge eintlik is. Die son wat onverwags deurbreek. Die lag van iemand in die gang, in die staat of in die tuin langsaan. Die reuk van beskuit en koffie. 'n Bekende stem. 'n Gebed. 'n Psalmvers wat skielik weer nuut klink.

Ons leef in 'n wêreld waar mense maklik koud teenoor mekaar raak. Daarom is dit nogal 'n geestelike roeping om warmte-draers te wees. Om nie self ys in die hart te laat vorm nie. Om nog te glimlag. Nog hoop te dra. Nog lig aan te steek.

Die Here werk dikwels juis deur gewone mense wat ander warm laat voel.
En kom ons wees eerlik: party van ons dink mos ons is "te oud vir die koue". Maar dalk beteken ouderdom ook dat 'n mens nou beter weet wat regtig saak maak. Minder haastigheid. Meer wysheid. Meer waardering. Meer tyd vir mekaar.

Junie hoef dus nie net 'n koue maand te wees nie. Dit kan 'n warm maand word — nie oor die temperatuur nie, maar oor die mense wat daarin leef.

Mag daar hierdie maand warmte in u hart, u

huis en u woorde wees.


En as alles anders misluk — daar is altyd nog warm sop, dik sokkies en die genade van die Here!

Romeine 12:10 *Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; Bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.*

En toemaar, een van die dae is dit die langste nag en korste dag en dan draai die seisoen.

Intussen, maak die beste gebruik van elke geleentheid!

Verwarmde Junie vir jou!



KERKDIENSTE

JUNIE 2026



DIENS BEGIN 09:00 IN SAAL.

SONDAG, 07 JUNIE 2026
DS JOHANN DE BRUIN, HERVORMDE KERK

SONDAG, 14 JUNIE 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

SONDAG, 21 JUNIE 2026
DR PIETER HEYSTEK, GEREFORMEERDE KERK

SONDAG, 28 JUNIE 2026
DS CHRISTIE SMIT, NG GEMEENTE MONTANA

VERSOEK VIR KWIKKIE ARTIKELS:

Die Kwikkie-nuusbrief is 'n gemeenskapskoerantjie wat getrou deur ons inwoners gelees word. Ek weet hier is baie inwoners wat vele stories het om te vertel en dat daar ook interessante aktiwiteite op die Oord plaasvind waarvan ons nie eers weet nie. Alle artikels moet asseblief voor of op die 18de van elke maand aan die kantoor deurgegee word – elektronies in 'Word'-formaat. Neem ook kennis dat alle artikels deeglik vir alle spelfoute en grammatika nagegaan moet word voor dit aan die kantoor gestuur word.

Skakel Estelle 1001 of Leonore 1002 vir meer inligting.

-OORDBESTUURDER

SPAAR WATER ASSEBLIEF

Vriende, om water by die kantoor, kombuis, sorgsentrum, woonstel of huise te bespaar kan eenvoudig en effektief wees deur klein daaglikse gewoontes aan te neem en waterdoeltreffende toestelle te gebruik. Hier is goeie, eenvoudige maar doeltreffende wenke vir binne en buite watergebruike:



1. **Draai krane toe wanneer dit nie gebruik word nie:** Om die kraan toe te draai terwyl jy jou tande borsel, skeer of hande was, bespaar jy ongeveer 200 liter per maand.
2. **Neem korter storte:** Beperk storte tot 5 minute of minder en oorweeg dit om 'n lae-vloei stortkop te installeer om waterverbruik te verminder.
3. **Gebruik skottelgoedwassers en wasmasjiene doeltreffend:** Gebruik hierdie toestelle slegs met volle las, gebruik die kortste siklus, en vermy om skottelgoed onder lopende water uit te spoel.
4. **Maak lekkasies vinnig reg:** Selfs klein lekkasies in krane, toilette of pype kan oor tyd beduidende hoeveelhede water mors.
5. **Installeer waterdoeltreffende toebehore:** Laevloei-toilette en -stortkoppe kan waterverbruik dramaties verminder.
6. **Hergebruik water waar moontlik:** Versamel water uit storte of was van produkte om plante nat te maak of vloere skoon te maak.
7. **Water van grasperke en tuine:** Maak besproeiingstelsel toe tydens reën. Met ons verhoodge watertafel, is 8 min besproeiingsiklus voldoende. Vermy om tuine nat te maak op die hitte van die dag. Gebruik drupbesproeiing en installeer reënsensors om oorwatering te voorkom. Hou asb by die Oord se reëls tov water gebruik.
8. **Berg reënwater:** Vang reënwater van dakke op om vir besproeiing te gebruik, wat die afhanklikheid van munisipale water verminder.
9. **Kies droogtebestande plante:** Inheemse- of lae-water plante benodig minder besproeiing en help om water in jou tuin te bespaar. Verhoed verdamping deur gesnyde gras en/of houtskaafsels om bome, struike en plante te gooi.
10. **Hergebruik gryswater:** Water uit wasbakke, storte of wasgoed kan veilig hergebruik word vir besproeiing of spoeltoilette met die regte stelsels.
11. **Waterbesparing inisiatiewe:** Moedig mede inwoners aan om met water besparing inisiatiewe voorendag te kom en deel dit met die res van die oord.

Deur hierdie eenvoudige maatreëls te implementer, kan jy waterverbruik in die Oord aansienlik verminder, geld bespaar en bydrae tot omgewingsvolhoubaarheid.

Baie dankie byvoorbaat,
Raad van Trustees

PIER 39 SE BOONTJIESOP IN SAN FRANCISCO



1982: Ons het vir 6 weke getoer in Amerika – op die trem gery in San Francisco en op die manier by PIER 39 uitgekom. Julie maand is warm in die VSA, maar my man, Dries, sien die bordjie in die venster van 'n kafee – "BEAN SOUP SPECIAL!" Nie hoër of laer nie, ons moet boontjiesop eet. Baie lekker! Ons stap van PIER 39 terug na ons hotel, nogal deur China-town. Die hotelmense was omtrent geskok en net te dankbaar dat ons veilig is – Chinatown is glo gevaarlik.

"Rosie, as ons by die huis kom, ry ons dadelik na Ginsberg's om sopboontjies te koop!" Ons het drie dae vroeër huistoe gevlieg, geland op Jan Smuts Lughawe, en dadelik toegesak op Ginsberg's in Nieuw Muckleneuk om boontjies te koop.

Ek het begin om die boontjies te week a lá Kook en Geniet, toe haak my man af: "Hier is die drukkoker – doen dit daarin!" My protes het op dowe ore geval – niks is so doof soos 'n eggenoot wat nie wil luister nie. Ongeweekte bone!

Donderdagaand is die eerste sop geskep, Vrydagaand, Saterdagaand en uiteindelik Sondagaand die laaste van die bonesop! (Ek het nie my mond daaraan gesit nie.) Laat nag word ek wakker – roeringe en geluide gepaard met 'n onbeskryflike aroma infiltreer die slaapkamer. Dit reën buite. Ses hondjies, vier op die groot stoep en twee in die huis, staan almal op die stoep en kyk grootoog na hul Oubaas wat met pajamas en sambreel in die tuin inhardloop om weg te kom van die aroma..... "ek kan dit nie met myself uithou nie!" Dit reën harder, hy is terug op die stoep, dan weer in die tuin in, terug op die stoep.....
"Neem kennis, Andries, ek kook nooit weer vir jou boontjiesop nie! Dis 'n eed wat ek neem!" Geen boontjiesop is ooit weer daarna gekook nie, geen navraag is ooit weer daarvoor gedoen nie.

Rose Olivier. Mei 2026
(C212)

'N GESPREK MET SPYT

Hy was laat. Natuurlik was hy laat.

Ons het al amper die ligte afgeskakel toe die deur stadig oopgaan.
* Geen dramatiese aankoms nie.
* Geen selfversekerde glimlag nie. Net 'n skraal figuur met 'n ou jas, skoene vol stof, en 'n hoed wat te laag oor sy oë getrek is.

Hy het gaan sit. Nie regop nie. Kop onderstebo. Skouers ingetrek. Hande styf gevou, asof hy bang is iemand herken hom.

Jy is laat.
Ek is altyd laat.

Dis seker hoekom jy SPYT genoem word?

Ja. Ek kom selde vroeg genoeg om iets te verander. Hy kyk nie op nie.

Waar kom jy vandaan?

Van mense se stil kamers af. Van hospitaalbeddens. Van grafte waar mense ná die tyd praat. Van kinders wat wens hulle het meer gevra. Van ouers wat wens hulle het meer geluister. Van mense wat jare lank gewerk het vir dinge wat nie kon terugpraat nie.

Jy klink moeg.

Ek dra swaar. Mense dink ek is net 'n gevoel. Ek is nie. Ek is 'n argief. Ek dra sinne wat nooit gesê is nie. "Ek is jammer". "Ek vergewe jou". "Kom ons begin weer". "Ek is lief vir jou". "Ek was verkeerd". Daardie sinne word dikwels te laat in my sakke gestop.

Besoek jy net gewone mense?

Vir die eerste keer lig hy sy kop effens. Nie genoeg om ons in die oë te kyk nie, maar genoeg dat ons sy stem duideliker hoor.

Nee. Ek het al by groot mense ook gesit. Bekendes. Leiers. Rykes. Mense wie se name in boeke staan. Mense wat applous gekry het. Mense wat miljoene bereik het, maar nie altyd hul eie kinders bereik het nie.

En wat sê hulle gewoonlik?

Hulle praat min oor titels. Min oor pryse. Min oor geld. Hulle praat oor tyd. Oor verhoudings. Oor 'n huis wat vol mense was, maar leeg van aandag. Oor 'n kind wat grootgeword het terwyl hulle besig was om belangrik te wees.

Hy glimlag flou, maar daar is geen vrolikheid daarin nie.

*Op die einde vra min mense: "Hoekom het ek nie nog meer vergaderings bygewoon nie?" Hulle vra eerder: "Hoekom het ek nie daardie Sondag saamgegaan nie?" "Hoekom het ek nie gebel nie?". "Hoekom het ek gewag?".

Is dit die grootste spyt — tyd?
Tyd is een van hulle. Maar tyd is net die houer. Die ware spyt is wat mense nie daarin gesit het nie.

Soos?

*Sagtheid. Waarheid. Moed. Vergifnis. Geloof. Teenwoordigheid. Mens dink mos altyd daar sal nog 'n geleentheid wees. Nog 'n Kersfees. Nog 'n kuier. Nog 'n kans om reg te maak. Ek leef van daardie "nog".

Daar is 'n lang stilte.

Buite beweeg die wind teen die venster. Binne sit SPYT soos iemand wat al te veel einde-van-die-pad-gesprekke gehoor het.

Jy het geloof genoem. Hoekom?

SPYT vou sy hande stywer.

Omdat ek dikwels daar is wanneer mense besef hulle het hul siel laaste op die lys gesit. Hulle het planne gehad vir aftrede, vir geld, vir eiendom, vir vakansie, vir gesondheid — maar nie altyd vir God nie.

(Vervolg op bladsy 16)

'N GESPREK MET SPYT... *(vervolg van bladsy 15)*

Dis 'n swaar ding om te sê.

Ek weet. Daarom sê ek dit sag. Maar sag beteken nie onwaar nie.

Hy sluk swaar.

Party mense wag tot die lewe hulle stilmaak voordat hulle begin luister. Hulle het deur die jare gevoel iets roep, maar hulle het dit uitgestel. "Later," het hulle gesê. "Eendag." "Wanneer ek tyd het." Maar geloof is nie 'n ornament vir die einde van die lewe nie. Dit is lig vir die pad.

En jy? Jy sit hier kop onderstebo. Jy praat oor almal anders. Maar sê my, SPYT...

Hy beweeg nie. Waaroor is jý spyt? Vir die eerste keer kyk SPYT op. Sy oë is nie kwaai nie.

* Net oud en hartseer".

Ek is spyt dat mense my so laat ontmoet.

Die vertrek word stil.
Ek is spyt dat ek dikwels eers kom wanneer berou nie meer 'n gesprek kan red nie. Wanneer liefde nie meer hardop gehoor kan word nie. Wanneer 'n graf die enigste luisteraar is.

Hy haal diep asem. Maar die grootste spyt? Hy kyk na die vloer.

Ek gaan nie hemel toe nie. Wat bedoel jy?

Spyt gaan nie hemel toe nie. Spyt is te laat. Spyt dra die smaak van gemiste genade. Maar BEROU kan hemel toe gaan. VERGIFNIS kan. GELOOF kan.

'n Mens wat omdraai, kan.

Sy stem raak sagter.

DIT is waaroor ek spyt is: dat mense dink ek is genoeg. Hulle sê: "Ek is spyt," maar hulle gaan nie verder nie. *Hulle vra nie vergifnis nie. Hulle maak nie reg nie. Hulle draai nie terug na God toe nie*.

So spyt is nie die antwoord nie?

Nee. Ek is net die klop aan die deur. BEROU maak die deur oop. GENADE nooi jou in.

Hy staan stadig op. Weer soos iemand wat nie lank op een plek bly nie.

Gaan jy nou?


Ja. Daar is altyd iemand wat my roep.

By die deur draai hy om.

Maar sê vir julle mense: moenie wag vir my nie. BEL vandag. VERGEWE vandag. BID vandag. MAAK REG vandag. SÊ vandag wat gesê MOET word.

Toe is hy weg. Laat gekom. Stil gegaan.

Maar hierdie keer, miskien, nie te laat nie.



Medicinal Plants Word Search for Adults

N	S	P	V	I	D	Y	J	C	B	Y	Z	C	C	E	A
F	Q	W	C	V	D	Q	B	X	V	E	U	R	O	Z	D
V	K	R	Z	T	C	V	P	I	C	T	K	T	D	L	H
V	Q	A	A	G	D	O	Y	J	C	N	Y	M	Z	C	L
E	R	O	B	U	A	E	S	K	F	H	D	V	G	H	A
T	R	G	S	K	N	F	G	I	T	K	T	W	Y	A	V
B	O	N	A	Y	D	X	M	I	N	T	U	H	H	M	E
L	S	I	W	R	E	F	D	I	N	Q	R	E	Y	O	N
L	E	U	C	A	L	Y	P	T	U	S	M	E	I	M	D
Y	M	Z	S	X	I	I	Q	J	N	E	E	M	X	I	E
S	A	G	E	F	O	A	C	U	F	Z	R	N	W	L	R
F	R	E	C	D	N	F	A	L	O	E	I	Q	G	E	B
D	Y	X	W	H	C	I	B	Z	G	M	C	P	O	H	F
P	E	P	P	E	R	M	I	N	T	X	J	U	S	Y	I
R	P	T	W	B	A	S	I	L	M	F	J	Z	Z	Z	G
N	Z	U	D	F	B	G	C	L	U	H	H	Y	S	L	G

- ALOE
- BASIL
- MINT
- GINGER
- TURMERIC
- NEEM
- EUCALYPTUS
- LAVENDER
- CHAMOMILE
- ROSEMARY
- THYME
- SAGE
- GARLIC
- DANDELION
- GINSENG
- PEPPERMINT


ONS

KOOP OU GOUD

Kontak **STANLEY** by: **076 195 9626**



GOUDPRYSSTYGING OOR DIE JARE



WOODLANDS TAK
Shop 52D, Woodlands Boulevard, Pretoria

KOLONNADE TAK
Shop U45, Sefako Makgato Montana, Pretoria

MENLYN TAK
Shop G112, Menlyn Park, Atturbury Pretoria

ADVERTENSIES



kind2 Hearing

Kind2Hearing Montana

besoek Twee Riviere Aftree Oord

ELKE DONDERDAG

Tel: 012 110 4612

Address: No 7 Doringlaan, MonataPark

TWEE RIVIERE SKOONHEID SALON

BLOK B - 3DE VLOER

MAANDAE

GEL NAELS	R330
GEL TONE	R220
NAELLAK	R130
NAELS SNY & VYL	R120
WAKS (BROW,LIP,CHIN)	R170
WAKS / KLEUR (BROW)	R150
GESIG BEHANDELING	R450
ADDISIONEEL	R20+

CHARNÉ 0722288531

SLEGS KONTANT ASB.



ADVERTENSIES

VARSPRODUKTEMARK



ELKE DINSDAG IN DIE PARKEERAREA

NUWE AVON AGENT VIR TRAO

AVON

VIR ALLE AVON PRODUKTE AANKOPE

KONTAK SANNIE VAN RENSBURG

0828747869 A239

TRAO MARKDAE 2026



DINSDAE 9:00 – 11:00

GEEN VERKOPE VOOR 09:00

Geen outomatiese besprekings

KONTAK: PEET VAN RENSBURG

A239 OF 082 894 3982

Uitstallers is verplig om vroegtydig voor elke markdag te bespreek.

2 JUNIE, 7 JULIE, 4 AUGUSTUS, 1 SEPTEMBER, 6 OKTOBER & 3 NOVEMBER.

SLYP VAN MESSE & SKêRE @ R30 ELK

Ek doen ook beitels en boorpunte, asook elektriese sweiswerk, herstel en instandhouding van rolstoele of enige ander toebehore

Izak Groenewald #2022 of 073 256 3315

TRAO INWONERS

NEEM ASB. KENNIS DAT BEWYS VAN ADRES SLEGS MET VERTOON VAN FISIESE ID DOKUMENT BY ONTVANGS VERKRYGBAAR IS (NIE BESTUURSLISENSIE NIE).

VAKATURE

Vakature beskikbaar vir die hantering van die Afrikaanse & Engelse Biblioteek, Blok B, 2de Vloer. Belangstellendes, kontak Ontvangs asb.

ESTELLE #1001

LEONORE #1002

50+ Welcome



CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

Are you looking to

BUY OR RENT

AT TWEE RIVIERE RETIREMENT VILLAGE?

Hi there, we're Annalie & Marlene. We're property practitioners specialising in helping people find their ideal retirement homes at **Twee Riviere Retirement Village.**



RENTALS:
ANNALIE RYKAART

SALES:
MARLENE OPPERMAN



2 BED, 1 BATH
HOUSE FOR SALE

R1580 000

Lovely freestanding home featuring 2 bedrooms, 1 bathroom, modern kitchen, lounge and dining area, inverter, plus a covered patio overlooking a private garden.

Features

- ✓ 2 Bedrooms
- ✓ 1 Bathrooms
- ✓ Private Garden
- ✓ Covered Patio
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Inverter

SCAN TO VIEW
PROPERTY



3 BED, 2 BATH
HOUSE FOR SALE

R2150 000

Charming 3-bedroom, 2-bathroom house with double garage, open-plan living area, modern kitchen and a covered patio overlooking a private garden—designed for convenient everyday living.

Features

- ✓ 3 Bedroom
- ✓ 2 Bathroom
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Double Garage
- ✓ Spacious Living Area
- ✓ Private Garden

SCAN TO VIEW
PROPERTY



1 BED, 1 BATH
APARTMENT TO LET

FROM R7800PM

Cozy apartment offering 1 bedrooms, 1 bathroom, open-plan living, and one covered parking bay in a secure, well-maintained setting-designed for convenient everyday living.

Features

- ✓ 1 Bedrooms
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Single Carport
- ✓ Well Maintained
- ✓ Cozy Living Area
- ✓ Modern Kitchen

SCAN TO VIEW
PROPERTY

Contact me today! 060 016 0732

ADVERTENSIES


ANDREA OOSTHUYSEN

PR 072 000 0045047

BEHANDELING TUIS VAN LONGTOESTANDE; NEK- EN RUGPYNE, SPIER- EN GEWRIGSPYNE; ALGEMENE VERSWAKKING; REHABILITASIE NA CHIRURGIE EN HOSPITALISASIE.

FOOIE: VOORGESKREWE MEDIESE FONDS TARIEWE.

ANDREA: 082 556 8121



JUDY'S JAM

Konfyt = R65.00 (klein)
Konfyt = R70.00 (groot)
Tamatie, aarbei, perske, appelkoos, fynvye, heelvye, druiwe, pynappel, nartjiemarmelade, kumkwatmarmelade, makataanstukke (groot), fyn makataan, heel kumkwat (R70.00)
Spekkiesatjar (R40.00)

SKAKEL JUDY #2014 SEL NR. 082 565 3243

DANKIE VIR AL JUL ONDERSTEUNING DIE AFGELOPE JAAR.

Ek bied die volgende:

Bybeloortreksels vir R300
Bybeltassies vir R300
Herstel van enige klere
Kontak Lorraine Pretorius
082 222 0560; Eenheid B013

VERVANG VAN HORLOSIEBATTERYE


Herstel van staan- en muurhorlosies en motorhuis remotes.

Kontak Fanie, 083 232 0219 of #2191





TRAO KWARTET



'n Koue oggend is trotseer! Vier manne nl. die TRAO KWARTET en hul begeleidster het Huis Madeliefie in Wonderboom op 21 Mei 2026 besoek.

Jannie Meintjes, Japie Alberts, Kobus Labuschagne en Elbert Broere is begelei deur Rose Olivier. Die sangprogram is spesiaal saamgestel op versoek en het bekende liedere ingesluit soos Tahiti, Sing seeman sing, Ver in die ou Kalahari en ook Jerusalem as 'n hoogtepunt.

Heelwat inwoners het saamgesing en een het gedirigeer (absoluut in tyd).

Daarna is heerlike verversings saam met die twintig inwoners geniet.

Harte en stemme het warm geklop vir hierdie aanbieding!





KOMBUIS KLETS



VADERSDAGETE

Kom geniet 'n heerlike vadersdagete.
SONDAG 21 JUNIE 2026
11:30 of 13:00
R70 per persoon.
Bespreek op Golden Spoon of by ontvangs in die eetsaal.

"RESTAURANT AAND"
VRYDAG | 05 JUNIE 2026
17:00



Spyskaart is op die spieël in die eetsaal.
U kan kies uit twee voorgeregte, twee hoofgeregte en drie nageregte.
Bring u familie en vriende en kom kuier saam.
Ons sien uit daarna om u daar te sien.
Daar sal 'n gelukkige trekking wees.



La Rivière

In Junie vier ons die eerste verjaarsdag van ons koffiewinkel.
Daar gaan behoorlik fees gevier word.
Spesiale aanbiedings en 'n verrassing of twee word beplan.
Hou die spieël in die eetsaal dop.
Daar sal ook SMS uitgestuur word.